

Hoofstuk van die dag: Openbaring 1

> *Ek het omgedraai om te sien wie dit is wat met my praat. (vers 12)*

Johannes is met die keiser se vervolging van Christene verban na die eiland Patmos (vers 9). En daar, op die Sondag, ontmoet

die Here Jesus hom. Hy hoor ’n harde stem agter hom, en draai om.

Die eerste ding wat Johannes sien, is dat Christus tussen die goue staanlampe staan (vs 13) – in die midde van die gemeentes, die kerk. Jesus het ons nie verlaat met sy hemelvaart en Hom in die hemel teruggetrek nie. Hy is steeds by sy kerk om sy kerk op te pas, te beskerm teen die aanslae van die Bose, om sy kerk te regeer en te lei elke dag. Daarom hou Hy ook die sewe sterre (wat simbool is van die gemeenteleiers van die kerk van destyds) in sy regterhand vas (vers 16).

Die Here is steeds by ons teenwoordig in al sy goddelike heerlikheid en majesteit. Ons kan Hom natuurlik nie met die blote oog sien nie. Daarvoor het ons ’n geloofsoog nodig. Daarom moes Johannes eers omdraai voordat hy die Here raakgesien het (vers 12).

Dalk moet ek en jy ook ’n slag omdraai, sodat ons die Here kan sien?

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede

- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026